

22 November

Skrifgedeelte: Psalm 144
Fokusgedeelte: Psalm 144:3,4,12-15

Loof die Here vir sy seëninge

Besef jy hoe maklik ons kla? Ons kla oor die weer, die regering, ons werk, die mense wat saam met ons werk. Dis asof ons soms net die donker dinge in die lewe raaksien en net daaroor praat.

Psalm 144 maak vandag ons oë oop vir heerlike seëninge van die Here wat ons dikwels nie raaksien of waardeer nie. God werk nie net met ons harte en ons innerlike geloofsband met Hom nie, ons hele lewe word deur Hom beheers – ook gewone, alledaagse en vanselfsprekende dinge is seëninge van die Here.

Vanoggend kon jy wakker word op jou bed. Sien dit raak as God se sorg vir jou. By die ontbyttafel is kos om te eet – dis jou hemelse Vader se seën. Jou kinders wat opgroei as kinders van die Here, familie en vriende wat jou bystaan en vir jou baie beteken – dis alles heerlike geskenke van God! Jy het genoeg inkomste om goed te lewe en `n werkplek waarheen jy kan gaan. Dit is alles wonderlike seëninge van die Here!

Onthou, dit is alles onverdiende seëninge, want elkeen van ons kan vandag uitroep: “Here, wat is `n mens dat U hom sou wil ken; `n mensekind dat U aan hom sou dink?” (vers 3).

Kom ons gaan hierdie nuwe dag tegemoet nie as klaers nie, maar as mense met `n positiewe hartsgesindheid. Kom ons kyk deur die krag van die Heilige Gees met nuwe oë na ons lewens. Kom ons sien die onverdiende seëninge van die Here raak in ons gewone, alledaagse lewe. En kom ons loof en prys die Here met blydschap daarvoor. Kom ons sing `n nuwe lied tot eer van sy Naam. Ja, dit gaan goed met die volk wie se God die Here is!

Sing: Psalm 147:5

Ds L du P van der Vyver (Silverton)